# 2013-08-18_am_johan-geyser_discovering._the-church-part2

**Sprekersleutel**

OM Onbekende Manlike Spreker
JG Johan Geyser

OM That’s why when I heard of the solid trust you have in the master Jesus and your outpouring of love to all Christians I couldn't stop thanking God for you. Every time I prayed I think of you and give thanks. But I do more than thank. I ask, ask the God of our master, Jesus Christ, the God of glory, to make you intelligent and discerning in knowing Him personally, your eyes focused and clear, so that you can see exactly what it is He is calling you to do. Grasp the immensity of this glorious way of life He has for Christians. Oh, the utter extravagance of His work in us who trust Him, endless energy, boundless strength.

JG Goeiemôre, gemeente. Ons gaan begin met ‘n oefening, en ons vra alle aandag en konsentrasie. U gaan ‘n beeld sien op die skerm, en ek vra jou om te tel en te kyk hoeveel keer die bal hanteer word deur die persone wat die wit hemde dra. Hoeveel keer vang die persone met die wit hemde die bal? Hy begin vinnig. U moet mooi kyk. Goed, hoeveel keer het die persone met die wit hemde die bal hanteer? 15 keer. Wie van u het dit reg gehad? Hier is ‘n paar wakker ouens vanmôre.

Wie van julle het die gorilla gesien? Hou net bietjie op jou hand. Kyk net bietjie rond. Dis omtrent die helfte. Kom ons kyk hom net weer, dat ons net kan sien, die ouens wat nou nie die gorilla gesien het nie. Kyk net daar. Daar kom hy in. Okay, hy is nog so cocky ook. En daar loop hy uit. Goed, okay, dis ‘n proef wat gedoen is by ’n... in die sielkunde departement by ‘n universiteit. En ons kan baie goed aflei hieruit, maar een van die goed is seker. Ons kan iets wat voor die hand liggend is, wat in ons midde is, maklik mis.

Ek meen, het jy al ooit jou sleutel... teruggekom en gesê, wie het hom nou hier gesit? Ek het hier gekyk. Hy was nie hier gewees nie. Die kerk is so ‘n instansie, organisme, eintlik. Paulus sien ‘n klomp patetiese mense, hy dink, wat die wêreld baie skade doen, ‘n sekte. Hy vervolg hulle. Hy probeer ontslae raak van hulle. Hy probeer hierdie organisasie stop, maar hy kry ‘n openbaring van wie die kerk regtig is. Christus stop hom.

In ‘n visioen praat die Here met hom en hy sê vir hom, waarom vervolg jy My? Paulus, jy sien glad nie wie hierdie klomp mense eintlik is nie. Dis My liggaam. Ek het ‘n groot plan met hulle. Deur hulle is Ek teenwoordig in hierdie wêreld. In hulle werk Ek, beweeg Ek, en deur hulle wil Ek My Koninkryk na hierdie wêreld toe laat kom. Paulus se oë gaan oop. Hy sien die voorhandliggende, dit wat die heeltyd daar

was.  Hy is so aangegryp daardeur dat hy sy hele lewe herorïenteer en dat hy besluit dat hy sy lewe gaan gee om kerke te plant en te bou.

En hy skryf aan een van hierdie kerke, dis ons gelese gedeelte hierdie oggend, iets oor kerkwees, en ek wil hê ons moet dit net weer lees.  Ek gaan dit kommentaargewys weer lees dat ons net miskien ‘n paar van die nuanse optel.  Hy sê, when I heard of the solid trust you have in the Master, dis nou die Efesiërs, hy was betrokke gewees by die totstandkoming van hierdie gemeente, nou hoor hy van hulle geloof, the solid trust, the faith you have in the Master and the outpouring of love to all the Christians.  Dis interessant, hy sien... dis twee van die groot goed wat hy sien, is ‘n geloof.

Maar dit was nie genoeg nie.  Dis ook ‘n lewe.  Dis ‘n liefdeslewe, en dis ‘n innerlike uiterlike, wat baie belangrik is vir hom in sy beoordeling van wie hulle is.  Hy sê, I couldn't stop thanking God for you.  Every time I've prayed I think of you.  I give thanks.  Dankbaarheid.  Hy het oë om die werk van die Here te sien en waar te neem.  Hy onderskei dit.  Hy kom dit agter,  God werk in julle midde.  En nou sê hy net baie dankie vir die Here.  Maar nou doen ek meer as dit.  I ask.  I ask the God of our Master, Jesus Christ, the God of glory, to make you.  Hy bid.

Jy weet, as 'n ou... maar Paulus, gaan hulle nie hemel toe nie?  Is dit nie genoeg nie?  Hulle is mos nou gelowiges.  Nee, nee, nee, nou begin dit.  Nou bid ek.  Ek het hierdie dissipline, ek het hierdie manier, ek het hierdie geestelike practice wat ek het: bid.  En sonder dit gaan dit nie gebeur nie.  Ek bid, kyk, vir drie goed, intelligent and discerning in knowing Him personally.  Ek bid dat julle... julle het ‘n bietjie intelligensie nodig.  En julle het ‘n onderskeiding nodig.  Iets in die kop, iets in die hart het julle nodig sodat julle Hom regtig kan ken.

Ek bid vir julle verhouding met die Here, ‘n op / inwaartse beweging wat in jou moet plaasvind, waarin jy moet groei om te ken deur ervaring, ondervinding.  Dis waarvoor ek vir julle bid.  Ek bid dat julle oë... that your eyes may be focused and clear so that you see exactly what He is calling you to do.  Hy roep jou.  Hy het iets vir jou om te doen, en ek bid dat jou oë sal oopgaan.  Jou oë is nie sommer outomaties oop nie.  Jou oë kan net oopgaan deur gebed, deur hierdie geestelike praktyk en hierdie oefening, maar jy moet kan sien.  Jy moet kan insien.  Jy moet kan agterkom.  Jy moet kan besef die Here roep jou.

Daar is ‘n uitwaartse beweging waarin jy moet deelneem, waarin... wat in jou lewe moet inkom, and I pray that you may grasp the immensity of this glorious way of life He has for Christians.  Hy het ‘n manier van lewe saam met ander mense vir jou, saam met die Christene.  Ek bid vir community, dat dit sal plaasvind in jou lewe, ‘n metwaartse [?] beweging, dat dit sal kom in jou.  Hy sê, oh, the utter extravagance of His work in us who trust Him.

Kyk hier, as hierdie goed met jou gebeur dan gaan daar goed in jou gebeur, endless energy and boundless strength, boundless strength and endless energy.  Kyk, kan ek dit oorsit in Mosaïek taal?  Ek bid dat julle op die journey sal kom, op die journey sal gaan, dat julle intensioneel, bewustelik, in die drie bewegings sal groei en sal deelneem.  Ek bid dat jy regula sal ontwikkel en die praktyke sal ontdek wat jou in

staat sal kan stel om te kan groei in hierdie dimensies van jou lewe, want dan gaan jy... matelose energie.

Ek hou van energie.  Die Ou Vertaling praat van krag, nê, en energie kan vandag dalk esoteriese konnotasies hê, maar energie, as jy aan dit dink as lewenslus, as daardie lewensenergie wat jy ontvang om te kan doen, om te kan wil doen, om te kan strewe, om te kan gaan, dit gaan in jou tot stand kom.  Dis groot, as jy... dis daardie energie wat Jesus uit die dood uit opgewek het.  Dis groter as skeppingskrag, opstandingskrag, want skeppingskrag skep iets uit niks uit.  Opstandingskrag skep uit 'n negatiewe, die dood, iets positief en lewendigs in jou.  Dis dit wat in jou losgemaak...

So die vraag is, werk jou spiritualiteit vir jou?  Werk jou verhouding met die Here?  Wat bring dit mee in jou?  Hier is ‘n goeie aanduiding van waarheen dit jou behoort te vat en waarheen dit jou kan vat.  Hier is ‘n goeie aanduiding van wat nodig is om jou te kan vat na daardie soort lewe toe.  En dit gaan vir Paulus met ander woorde oor hierdie drie groot goed wat hy vir hulle wens, wat hy vir hulle bid as ‘n gemeente.  Hulle lewe saam op, na mekaar toe, na buite toe.  En ek dink dis drie van die groot goed waarin ‘n gemeente behoort te help.  Dis ons droom.  Dit is wat ons dink, en ons... kom ons noem dit ‘n fokus; God, ‘n familie; saam, ‘n funksie; uitbeweeg na buite toe.

Vanmôre, net miskien drie stories, of iets om jou ‘n honger te gee of ‘n beter begrip te gee van wat dit is, ‘n fokus.  ‘n Ruk gelede word ek genooi deur ‘n professor na ‘n funksie toe waarheen sy al haar studente heen genooi het wat by haar gepromofeer het.  Toe ek daar kom het my mond oopgehang.  Dis ‘n wye verskeidenheid en variasie.  Jy weet, toe dit by die kos kom toe besef ek ons is van ander wêrelde af.  Daar is halaal, daar is, en ek kom agter, militante vegetariërs in ons midde.  Daar is skaamtelose vleiseters, boere, daar is kosher, daar is alle soorte kos.

En toe ek so bietjie met die ouens begin praat toe kom ek agter dis nie net die kos, dis geloof.  Dit is... maar dit is ook op ‘n etiese vlak.  Daar is pro-lewe, pro-keuse, mense.  Daar is ANC.  Daar is ouens van Orania.  Ons het ‘n wye verskeidenheid, en die snaakse ding gebeur.  Ons meng almal met mekaar.  En ek besef in ‘n oomblik, as die professor nie hier was nie gaan ons probleme kry, vinnig, in hierdie groep.  Dit is die professor se teenwoordigheid wat ons laat dinge doen en op ‘n manier funksioneer wat ons nie gewoonlik doen nie.  Ons het ‘n... daar is ‘n toleransie, daar is ‘n ordentlikheid, daar is 'n beskaafdheid, daar is ‘n goedhartigheid wat skielik losraak in ons omdat sy daar is.

Kyk, hierdie byeenkoms gaan oor haar, en as sy weggaan, binne ‘n paar ure dink ek gaan ons groepies begin te maak, aan die een kant sit saam met die mense wat soos jy is.  Maar haar teenwoordigheid help ons om bo dit uit te kan styg.  En dit... en toe ek daaroor dink toe dink ek dis wonderlik.  Net uit ons respek uit vir haar gebeur dit.  Maar dis iets van dit wat gebeur met die kerk.  Ons kom bymekaar om Christus.  Dis wat die kerk... ons definisie vir kerk is Matteus 18:20: waar twee of drie in My Naam bymekaarkom.  Daar is Ek in hulle midde.

Dit gaan oor die persoon Jesus Christus, en dit gaan... en ons totale fokus is op Hom, en net daardie bymekaarkom, daardie fokus tel ons en lig ons uit en motiveer ons en inspireer ons en vat ons na ander plekke toe wat ons baie nodig het. Dis nie ons dogma wat ons bymekaarbring nie. Ons almal glo dieselfde. Ons is reg, al die ander ouens is verkeerd. Dis nie dit nie. Die waarheid vir ons is meer as waarhede. Die waarheid is 'n persoon, Jesus Christus. Hy sê, Ek is die waarheid.

Dis nie ons kultuur nie. Dis nie omdat ons almal middelklas, Afrikaans is wat ons hier bymekaarbring nie. Dis Christus. En daar moet 'n saamkom wees. Jy kan nie dit net op... dit gebeur nie net op jou eie nie, jy weet. Jy kan in Jesus glo op jou eie, maar jy kan nie deel wees van die liggaam op jou eie nie. Daar is 'n groot en 'n belangrike ding wat moet gebeur, is ook 'n aanvaarding van die liggaam van Christus van die kerk. Daarom het die vroeë ouens gesê, ek glo aan 'n heilige, algemene, Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges.

Dis ononderhandelbaar in ons geloof. Dis hoe God werk. Dis hoe ons Hom leer ken. Dis hoe ons groei. Dit is hoe ek op die pad bly. Dis wat so nodig is. En as ons bymekaarkom, as ons saamkom, dan gebeur daar goed. Hy is daar in ons midde en daar gebeur goed wat ons rasionele, ons emosionele, psigiese, sosiale, verstaan, begrip, en dimensies oorskry. Iets groter as dit gebeur.

En weer 'n storie. Ek dink dit is iets soos wat met die AA ouens gebeur, die Alkoholiste Anoniem. As jy met hulle praat is dit 'n algemene storie wat hulle jou sal vertel. As ek nie na die meetings toe gaan nie dan begin ek weer te drink. Dan sê jy, nou wat gebeur by die meetings? Dan is dit, ek weet nie. Ek kan alles voorspel wat gesê gaan word, ek leer niks nuuts nie, maar as ek nie meetings toe gaan nie dan val my lewe uitmekaar uit. Maar as ek meetings toe gaan dan help dit my om op die pad te bly, en dit help my om my lewe bymekaar te hou.

Jy weet, en ek weet nie of jy al ooit iets van daardie krag besef het en agtergekom het nie. Daar is iets wat jou lewe bymekaar hou as ons bymekaarkom as Christene en op Jesus fokus. Daar is iets van dit. Daar is... ek dink dit het my lank gevat in my lewe om te besef dat elke byeenkoms behoort nie 'n groot psigiese, emosionele ervaring te wees om baie goed te wees vir my nie. Daar is ervaringe wat jou lewe onderhou, wat jou net sustain, wat jou net voed, en dis baiekeer so gewoon, so algemeen.

En baie van die ervaringe is groot goed wat jy een of twee of drie keer, of een keer 'n jaar, of een keer 'n paar jaar in jou lewe sal beleef. Dis soos 'n familie wat onderhou word deur net te sê ons eet saam. Man, ouens protesteer. Hulle hou nie daarvan nie. Hulle is nie... en jy het net een keer in tien jaar 'n verskriklike wonderlike wow oomblik, is toe ons saam geëet het, maar tog is dit daardie ritueel wat die gom is wat die familie aan mekaar conenct en die famile bymekaar hou.

En so is dit, hierdie bymekaarkom help jou met jou fokus, help jou om te draai, help jou net om te kyk. As jy die getuienis hoor van ander, as die stories gedeel word van ander, dan rig dit my, dit fokus my, dit onderhou... dit hou my bymekaar, 'n fokus vir jou lewe. Ons het mekaar nodig om gedurig te fokus en terug te draai. Dan kry ons 'n familie, 'n familie.

Jy weet, daar is ‘n verhaal wat by my spook in die Bybel, en dit is Johannes 12, onder andere, dit word in al vier die Evangelies vertel, van ‘n vrou wat na Jesus toe gekom het met nie ‘n goeie reputasie nie, en wat salf gevat het, en die albaster fles waarin die salf was gebreek het. En toe het sy daardie duur salf gevat, wat gelykstaande was aan iemand se salaris vir ‘n jaar, en Jesus daarmee begin salf. Sy het ook begin huil, en sy het, met haar trane wat... op Jesus se voete natgemaak, en haar hare gevat en sy voete mee afgedroog.

Die gehoor wat dit gesien het het half ongemaklik begin raak met hierdie rou emosie wat uitgestort word. En toe sê van die ouens daar, nee, Hy kan nie ‘n profeet wees nie, want as Hy ‘n profeet was dan sou Hy geweet het watse tipe vrou dit is wat nou daar aan Sy voete sit en aan Hom vat, en haar... Hy sal nie met dit assosieer nie. Hulle het dadelik ander konnotasies. Hulle sien iets anderster. Een van die dissipels sê, ons kon baie beter met daardie salf gedoen het. Ons kon dit verkoop het. Ons kon dit vir die armes gegee het. Ons kon soveel meer met daardie geld gedoen het.

En wat doen Jesus? Jesus sê, nee, sy het ‘n baie goeie ding gedoen. Sy het iets goeds gedoen. En kom ek sê vir julle, orals waar die Evangelie verkondig gaan word, en dis die woorde wat my bietjie bug, wat ek nie lekker verstaan nie, sal daar melding gemaak word van dit wat sy gedoen het. Nou, hierdie teks kan baie goed beteken, en hy het seker baie dimensies. Ek dink nie ‘n teks het net een betekenis nie, maar hierdie is dalk ‘n betekenis wat ‘n mens baie maklik kan mis in hierdie teks, dat Jesus sê deur dit wat sy gedoen het het sy My voorberei op die dood wat vir my voorlê.

Dit was net voor Christus se dood, Sy kruisiging, wat dit plaasgevind het. Sy het My voorberei deur hierdie daad van haar. Deur hierdie liefde wat sy getoon het, hierdie emosie, hierdie waardering, hierdie bewondering wat in haar was, het sy vir My voorberei. Haar liefde, om dit te parafraseer, het my gehelp en my voorberei vir my dood. Die feit dat Sy my liefhet het sy my gesalf, en dit help my om nie ‘n bitter mens of met woede die dood in te gaan nie, maar om ‘n goeie dood te sterf. Die feit dat ek weet sy is...

Dit is waaroor die lewe gaan, is hierdie liefde. Dis wat die lewe sy sin gee. Dit is wat die lewe daardie diepe betekenis gee, is om liefde te kan gee en liefde te kan ontvang. En vanaand het Ek dit ervaar, en vanaand voel Ek Ek weet waaroor gaan die lewe, en dit help My, en dit sal My bring op die einde van My lewe, dat Ek weet My lewe was nie gemors nie. Ek het liefgehad en liefde is aan My gegee, en Ek kon dit ontvang het.

John Powell, sielkundige, Christen, skryf in een van sy boekies van ‘n onderhoud wat hy het met ‘n outjie wat 24 jaar oud is, wat besig is om dood te gaan. En hy vra vir die ou, hoe is dit om 24 te wees en te weet jy gaan nou doodgaan? Die outjie sê, daar kan erger dinge wees. Hy sê, soos wat? Hy sê, soos om 50 te wees en te dink die lewe gaan oor booze en vrouens en geld. Dis erger. Die lewe gaan oor om liefde te kan gee en te kan weet ander is lief vir my, en liefde te kan ontvang. Dit is waaroor... en ek het dit gekry, en ek voel ek is okay om dood te gaan.

Hierdie is een van die studies waarop ek afgekom het, van iemand wat mense... wat ‘n studie gedoen het oor wanneer mense voel hulle is reg om dood te gaan. Hoekom is

baie mense bang, en hoekom gaan... voel baie mense hulle is reg, en sterf in vrede? En hier is die interessante ding. Toe ek dit sien toe dink ek, ah, hier gaan 'n bewys wees van Christenskap, en toe is die ondersoek dit nie. Christene sterf nie noodwendig beter nie.

Dis die mense wat voel hulle het nooit gelewe nie. Dis die mense wat gevoel het ek weet nie waaroor die lewe eintlik gegaan het nie en nou is my kans verby. En nou is ek vreesbevange, want ek het 'n kans gehad om te bat en dis verby. Ek is uitgeboul. Maar die mense wat gesê het ek weet waaroor dit gegaan het, ek was op die crease [?], ek het my bes getry. Ek weet dit kon beter. Ek weet dit kon meer. Maar ek weet waaroor gaan dit. Ek het dit gevind. Hulle sterf in vrede.

En hier is die vraag. Hier is die ding. Die kerk is die plek waar ons mekaar kan salf met olie. Die kerk is die plek waar ons mekaar voorberei vir die dood. Jesus sê hieraan sal hulle weet julle is My dissipels, as daar liefde is. As daar liefde is. As ons... as jy kan weet jy is nie alleen nie. Het jy al ooit daardie ervaring gehad, in die donkerste, moeilikste tyd van jou lewe, dat mense na jou toe uitreik, dat mense na jou kyk, en dat mense daar is vir jou? Jy weet jy is nie alleen nie.

Jy weet, en baiekeer kan daar niks gedoen word aan jou pyn nie. Ek dink dis een van die groot goed wat Moeder Teresa so geïnspireer het toe sy na Calcutta toe gaan en sy sien hoe mense doodgaan, toe sê sy, dis nie reg dat mense alleen doodgaan nie. Dis nie reg nie. Met elke mens moet sterf moet daar iemand wees wat hom vashou, wat hom liefhet, wat vir hom gee, wat vir hom help, wat vir hom bystaan. Dis liefde. Dit is om te... aanvaar te word. Dis om te weet dat iemand sien my gebrokenheid en iemand sien my sonde, en hulle aanvaar my.

Dis om te weet dat iemand my nie verwerp nie as hy die badste goed van my weet nie. Dis om te weet dat iemand my vergewe. Dis om te weet dat iemand my kan verdra. Dis waarvoor ons daar is. Maar dis ook om die waarheid te hoor wat partykeer ek nie wil hoor nie, wat niemand vir my sê nie. Dis om te hoor in liefde, maar dis die... want die waarheid gaan jou lewe bring. Die waarheid gaan vir jou vry maak. Die waarheid gaan vir jou losmaak van jou selfbeheptheid en dit waarmee jy opgeneem is, en die illusies van jouself. Maar dis liefde.

Maar hier is die interessante ding. As hierdie vrou dit gedoen het na Jesus gesterf het het sy 'n hero geword; almal het gesê wat 'n wonderlike ding het sy gedoen. 'n Mens wonder, het iets verander vandag, as Hy sterf? Weet jy, ek... partykeer ken ek 'n familie voor die tyd, en dan, met die begrafnis, ek weet nie, daardie nag het daardie man 'n engel geword, toe hy doodgaan. Dan was hy die wonderlikste mens wat hierdie aardbodem nog ooit gesien het. Maar die week voor dit het... was daar skeipapiere en ons gaan hierdie ding nou uitsort, en dis nou die einde van die pad. Wat gebeur met ons dat ons skielik so anders kyk na iemand en so anderster voel oor iemand? En dis die uitnodiging.

Nou, hier is 'n belangrike ding. Dis familie, nie in die psigoseksuele sin nie. Wat ek daarby bedoel is familie, nie in die sin van 'n man en 'n vrou wat bymekaar kom en 'n gesin begin nie, want in die kader van daardie raamwerk en verhouding is daar 'n magdom intieme persoonlike behoeftes wat ontmoet kan word, wat nie ontmoet kan

word deur die kerk se community en gemeenskap nie. En ek wil dit noem omdat ek dink baie van ons seerkry omdat ons met ‘n verkeerde verwagting en idee in community ingaan.

Ek hoor van die een monk wat diep ongelukkig is en altyd kla oor die community van sy klooster waar hy bly. Hier is nie community nie. Hier is nie trust nie. Ons kan nie ons lewens diep deel nie. Hier is nie aanvaarding nie. Hier is nie vertroue nie. En hulle... en hy kla die heeltyd. En uiteindelik beland hy by ‘n geestelike begeleier met diep insig. En na gesprekke sê die persoon vir hom iets wat ek so... dis waar. Hy sê vir hom, wat jy soek is nie ‘n community nie. Jy soek ‘n lover, en jy gaan dit nie by die kerk kry nie, want ons is nie in psigoseksuele sin ‘n familie nie. Ons is familie in die sin van ‘n breë familie, ‘n broer / suster, ‘n neef / swaer, ‘n vader... ons is op ‘n heel ander manier, ons lewens wat ons diep saam met mekaar kan deel en hierdie pad kan stap.

Laaste ding, 'n funksie. ‘n Funksie. Die Griekse woord vir kerk is ecclesia. Dit kom van twee Griekse woorde af, ec, en caleo. En ec beteken om uit, en caleo, geroep te word. Jy word geroep. Jy word uit die normale gang van jou lewe geroep. Jy word afgesonder. Jy word eenkant gesit. Die Bybelse woord daarvoor is jy is ‘n heilige. Nou, ons het heilige... ons het heel ander konnotasies aan heilige. Heilige beteken eintlik net jy is eenkant gesit, jy is afgesonder, nou, vir ‘n spesifieke taak, vir ‘n spesifieke roeping.

Kom ek verduidelik dit so: in die sestigerjare was daar ‘n opspraakwekkende moord wat plaasgevind het in New York. En dit het... dit het die... dit het die het die wêreld beïnvloed, hierdie moord, want hoe dit... want wat gebeur het was ‘n vrou het in die park geloop en ‘n man het gekom en haar met ‘n mes gesteek, en hy het omgedraai en weggestap. Omtrent 30 mense het toegekyk en gesien wat gebeur. En toe hierdie man omdraai en loop en sien niemand kom haar te hulp nie toe draai hy om en hy gaan terug en hy steek haar weer, en sy sterf.

En die familie, en ook die gemeenskap, het uitgeroep en gesê iets is nie lekker met ons wêreld as dit so gaan nie. En die groot vraag, etiese vraagstuk was, is daardie mense wat toegekyk het nie ook aanspreeklik vir dit wat daar gebeur het nie? Is daar nie ‘n morele verpligting vir mense om betrokke te raak in daardie oomblik as jy deelneem aan dit nie? ‘n Vriend van ons, iemand op staf, ry in Pretoria. Hy staan vir ‘n verkeerslig in die verkeer, kom, slaan die venster stukkend, gryp die goed op die sitplek, en hardloop weg. En die ergere ding is, jy is geskok. Jy weet nie wat om te doen nie.

Die ouens lê op hulle hooters. Komaan, gee pad, ry aan. Niemand help nie. Hy trek af. Almal ry verby. Kom uit die pad uit dat die lewe kan aangaan. Niemand vra eers is jy okay nie. Is dit die wêreld waarin ons wil leef? Hulle is geroep. Jy word geroep op daardie oomblik. Jy word afgesonder deur dit was met jou gebeur, en jou lewe word ontwrig, en jy moet ‘n keuse maak. En die meeste sê nee vir die roeping. Dis dieselfde met die kerk. Dit kom jou pad langs. In die kerk...

In die kerk word jy deel van ‘n geroepenes. Jy het ‘n roeping vir jou lewe, en ons gesamentlik het ‘n roeping as ‘n gemeente om goed te doen en goed te wees. En baie

sê nee vir die roeping, jy weet. Dit is soos Johannes 20. Jesus vra vir Petrus, het jy My lief, drie keer. En dan sê hy vir hom, Petrus, Petrus, sê ja, Here, U weet. Dan sê Hy, Petrus, jy gaan gebind word met ‘n tou, en dan gaan jy nou gevat word na plekke toe waarheen jy nie wil gaan nie. Ek vra, het jy My lief? Ja, Here. Jy gaan gevat word na plekke toe wat jy nie wil gaan nie.

Jy weet, daar is... dis... toe Paulus geroep word, toe hy uitvind wie die kerk is en Jesus vra vir hom, hoekom vervolg jy My, 9:16, toe sê die Here vir hom, Ek kan vir jou toon wat jy vir My naam moet ly. Kyk, dis die idee van die lewe wat baie van ons nie... kyk, in ‘n verbuikersgeoriënteerde wêreld is dit uit. Ek wil niks van so iets hoor nie. Ek wil net lekker hê in ‘n hedonistiese wêreld. Ek wil enige iets hê wat my kan help om lekkerder te kan lewe. Daar is ‘n lyding wat sleg is wat jy oor jouself bring, wat patologies is, wat psigoties is, waarvan jy ontslae moet word. Maar daar is 'n lyding wat jy moet embrace.

Jesus sê don’t run from suffering; embrace it. Daar is ‘n kruis. Daar is iets as jy dit embrace wat vir jou lewe gaan bring, wat jou diep, diep met die lewe sal laat omgaan, wat in jou matelose energie sal losmaak en ‘n joy, ten spyte van die omstandighede of dit waarin jy ookal is. Die kerk is die tou wat jou bind en jou vat na plekke toe waarheen jy nie noodwendig sal wou gaan nie, wat jou vat, wat jou roep, wat vir jou sê, kom volg my. Hier is iets, hier is ‘n taak. Hier is iets wat Ek wil hê jy moet doen vir My. Dit ontwrig jou lewe.

Ek kan aangaan met my lewe. Ek wil ‘n lekker lewe hê. Nou kom ek op ‘n ongeluk af, maar dis die roeping. Nou kan jy kies. Gaan ek of gaan ek nie? Hier lê ‘n ongeluk. Hier het mense seergekry. Ry ek verby of stop ek? Dis die roeping. Dis die ontwrigting. Die die ec caleo. Jy is ecclesia op daardie oomblik as jy sê ek aanvaar dit, ek vat dit. En die onverstaanbare wat jou kan voorstel aan ‘n hele nuwe dimensie van lewe waarvan jy nie kon droom of dink nie.

En dis die groot ding, nê, wat die Bybel onderliggend, wat hy die heeltyd na ons toe bring, is om te sê die lewe lê nie in ‘n selfgesentreerde lewe nie. Dis wanneer jy kan loskom van jouself, dis wanneer jy kan othering, dis wanneer jy andering kan doen, ander kan sien, ander... moenie net kyk na jou eie belange nie, maar dis wanneer jy kan uitkyk, opofffer, gee, buite jouself begin beweeg. Dis dan wanneer soveel van jou psigose van jou afval. Dis dan wanneer soveel van jou pyn... dis dan wanneer soveel van eie verkramptheid verlore gaan en jy nuwe vryheid, ‘n nuwe sin, ‘n nuwe energie in jou lewe kan ontdek.

Ons gaan volgende week baie prakties raak, die volgende twee weke. Ek sien baie uit daarna. Ek weet wat Trevor met ons gaan deel, en dis groot, en dis challenging, en dis baie, baie prakties, wat vir ons voorlê, om in hierdie lewe te kan instap en iets van hierdie lewe te kan proe. So vanmôre, die vraag is oor die kerk. Waar is jy? Glo jy aan die kerk? Die eerste Christene het gesê kom ons maak vas waarvoor gaan ons dood. Ek glo in die Vader, ek glo in die Seun, ek glo in die Heilige Gees, en ek glo aan die heilige, algemene, Christelike kerk. Ek glo aan dit.

Het jy al ooit die kerk aanvaar? Jy aanvaar Christus, dan is jy ‘n Christen, nê. Maar wanneer jy die liggaam aanvaar, wanneer jy besef ek is nie alleen agter Jesus aan nie,

en dit gaan nie... ek is nie die middelpunt van... dit gaan nie oor my net nie. Ek is deel van ‘n beweging. Ek is deel van die liggaam van Christus. Het jy ooit aanvaar ek is deel van die liggaam en ek het nie ‘n keuse? Ek moet my lewe nou deel met ander ook. Ek moet ‘n community vorm, en ‘n community is daardie plek waar ek geestelike gesprekke kan voer, bottom line.

Dis daardie plek wat ek my innerlike lewe ervaring met God kan deel, met ander, hoe gebrekkig, hoe skeef, hoe wat ookal, maar waar ek ook kan luister na ander s’n. Dis deur hierdie stories wat ek gevorm word, gevoed word, getrek word, bymekaargehou word, my geloof, my nuwe ek wat nou sy lewe gevind het in God en wat nou sê ek glo in Jesus. Het jy al ooit gevoel maar ek wil dit wees, ek wil in dit inleef? Ons soek almal ‘n nice kerk. Ons soek almal ‘n kerk wat ons kan help, mense wat ons kan bystaan, wat ookal. Kan jy dit wees ook? Kan jy dit gee ook? Kan jy dit doen ook? Dit vat jou in ‘n heel ander wêreld in.

Kom ons bid saam. Vader, ons dank U dan ons vanmôre hier kan saam wees. Ons dank U vir U woord wat ‘n lig is vir ons pad. En, Here, baie van die dinge wat ons sien en wat ons agterkom is so teen ons grein. Dis teen die kultuur, dis teen die wêreld waarin ons leef. Dis asof U ons roep na ‘n kontrakultuur toe, na ‘n ander manier van lewe. Maak ons oë oop om te kan sien, Here.

Help ons om nie die voorhandliggende te mis nie. Wek in elkeen van ons ‘n diepe honger na U, om U te ken, om met U te lewe. Help ons om ons lewens diep te deel met ander. Help ons, o Here, om agter te kom wat dit is waarnatoe U ons roep en uitnooi. Wat is die groot bydrae van my lewe? Hoekom is ek hier? Wat kan ek gee? Ek dank U daarvoor, Vader, in die naam van Jesus, amen.

Die genade van ons Here Jesus, die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees wees en bly met elkeen van u, amen.